SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 191.Ra.1(8)

„NUWE HISTORIESE WERKE,"

'N BESPREKING DEUR PROF. H. B. THOM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

Uniale Afrikaanse Program
uit Kaapstad.
Donderdag, 31 Julie 1952.
9.00 - 9.15 n.m.

Enige tyd gelede het daar onder die titel „Geskiedenis van Suid-Afrika" 'n besonder belangrike werk by die Nasionale Boekhandel in Kaapstad verskyn. Die werk beslaan twee groot boekdele, en staan onder redaksie van verskeie historici, t.w. prof. A. J. H. van der Walt, oud-professor van Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en tans Direkteur van Eksterne Studie in Pretoria; prof. J. A. Wiid, professor van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch; en dr. A. L. Geyer, voorheen hoofredakteur van „Die Burger" en tans gevolmagtigde Suid-Afrikaanse minister in Londen. In die redaksie het vroeër ook gedien wyle dr. I. D. Bosman, in lewe professor van Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, maar hom was dit nie gegun om die voltooiing van die werk te sien nie.

Die lede van die redaksie het nie net 'n skema vir die werk opgestel, die hoofstukke bepaal, nagesien en gekoördineer nie, maar hulle het self ook 'n hele aantal hoofstukke geskrywe. Die oorgrote meerderheid van die hoofstukke is egter deur ander geleerdes gelewer. Historici wat saamgewerk het, is proff. S. P. Engelbrecht, A. N. Pelzer, en D. W. Krüger, en drs. C. Beyers, P. J. van der Merwe, Anna Böeseken, J. Ploeger, M. A. S. Grundlingh en P. van Biljon, terwyl ek self ook vir 'n drietal hoofstukke verantwoordelik was. Ook van bekende Afrikaanse ekonome het bydraes gekom, t.w. van proff. C. G. W. Schumann en S. P. du T. Viljoen, van dr. J. H. Botha, en van wyle prof. J. F. W. Grosskopf. Verder het Afrikaanse taal- en letterkundiges, t.w. dr. Anna de Villiers, prof. G. Dekker en prof. G. S. Nienaber, oor belangrike onderwerpe in verband met hulle gebied geskryf,

2/.....

terwyl twee volkekundiges, dr. W. M. Eiselen en prof. N. J. J. Olivier, oor die naturelle en naturellebeleid gehandel het.

Dit sal luisteraars seker interesseer om te verneem dat daar ook 'n bydrae van dr. E. G. Jansen is. Sy Eksellensie het dit geskryf geruime tyd voordat hy Goewerneur-Generaal geword het: dis 'n mooi, insiggewende hoofstuk oor ons jongste staatkundige geskiedenis, 'n bydrae wat 'n mens bowendien tref deur die kalme saaklikheid en rype, besonke oordeel wat daaruit spreek.

Aldus het die Nasionale Boekhandel se „Geskiedenis van Suid-Afrika" dan nie as die werk van één, bepaalde persoon verskyn nie, maar as die resultaat van die volgehoue samewerking van 'n hele span vakmanne onder leiding van die redakteurs.

Laat ons nou kortliks op 'n paar uitstaande punte let.

Ek het nog selde 'n werk teengekom, wat so maklik is om te raadpleeg. Dit is voorsien van 'n duidelike Inhoudsopgawe en van 'n uitvoerige Register, sodat 'n mens met baie min moeite dié besondere probleem of beskrywing, waarin jy belangstel, kan naslaan. Enige leser, maar veral die student, sal hierdie feit seker van harte waardeer.

Die algemene toon of gees van die inhoud is deurgaans kalm, objektief en waardig. Hier vind 'n mens bv. niks van die apologetiese of parogiale wat tot in ons tyd nog by sommige Afrikaanse en Engelse skrywers oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis op die voorgrond tree nie. Ek glo dat die Redaksie met die oog hierop wakker geloop en sommige bydraes seker maar goed onder hande geneem het, want dit is nie bra denkbaar dat alle medewerkers in eie taal oor eie verlede op eie bodem vanself maklik so kalm en objektief sou gebly het nie. Hoe dit sy, hierdeur word die wetenskaplike waarde van die onderhawige twee boekdele aansienlik verhoog.

Die feit dat 'n hele aantal gesaghebbendes saamgewerk en navorsingswerk en kennis byeengebring het, verteenwoordig ongetwyfeld die krag van hierdie werk, want hier kry die leser nou 'n

3/.....

deskundige behandeling van verskeie historiese vraagstukke deur vakmanne in maklike en handige vorm voor hom. Maar die feit dat daar 'n hele aantal medewerkers was, het aan die ander kant ook weer sekere gevare meegebring: gevare van duplikasie, van onsamehangendheid en van ongelyke gehalte van die verskillende bydraes.

Van hierdie gevare was die redakteurs egter wel bewus, en hulle het dan ook redelik goed daarin geslaag om hieraan te ontkom. 'n Sekere mate van duplikasie is daar wel, soos bv. in my hoofstuk oor Ons Buurlande en dié van prof. Pelzer oor Krüger en Rhodes, waar ons albei heelwat oor die Rhodes-politiek handel; en verskeie ander voorbeelde sou nog aangehaal kon word. Die duplikasie is egter nie hinderlik nie, en beslis nie oorbodig nie, maar eerder onvermydelik, aangesien dieselfde gebeure soms noodsaaklik in verskillende verband ter sprake moes kom.

Wat die gevaar van onsamehangendheid betref, het die redakteurs hulle op uitnemende wyse van hulle taak gekwyt. In hulle skema vir die hele werk het hulle die hoofstukke mooi bymekaar laat aansluit, en in hulle finale redaksionele versorging het hulle klaarblyklik ook verdere aandag hieraan gewy. Die gevolg is dat, ofskoon die werk deur 'n twintigtal outeurs geskryf is, dit tot 'n netjiese, logiese eenheid saamgevoeg is.

Met betrekking tot die gevaar van ongelyke gehalte van die bydraes het die redakteurs hulle in 'n minder gelukkige posisie bevind. Die medewerkers het skynbaar sonder uitsondering ernstig nagevors en moeite gedoen om die nodige gegewens te vind, maar in die gebruik van hulle gegewens was hulle, soos 'n mens kan verwag, nie ewe suksesvol nie. Dit is 'n plesier om bv. 'n hoogs wetenskaplike hoofstuk, soos dié van dr. Coenraad Beyers oor Binnelandse Beroeringe en Ondergang van die Kompanjie te lees, of 'n boeiende, vlotte hoofstuk soos dié van prof. Van der Walt oor Vier Jare van Spanning, 1896 - 1899. Maar die hoofstukke staan nie almal op hierdie peil nie. Wat hierdie punt betref, kom die kritiek natuurlik nie soseer aan die adres van die

4/.....

Redaksie nie maar aan dié van sekere medewerkers, want per slot van rekening moes die redakteurs werk met wat hulle ontvang het, en ons mag seker ook in elk geval met veiligheid aanneem dat hulle aan sommige bydraes nogal aansienlik sal geskaaf en verbeter het.

Naas veel wat ten gunste van hierdie werk, en meer bepaald ten gunste van die aandeel van die Redaksie gesê kan word, sal dit my veroorloof wees om ook 'n paar bedenkinge te opper.

Die Redaksie het konsekwent 'n tematiese indeling van ons geskiedenis toegepas. Die twee boekdele bestaan uit vier afdelings of „boeke": Afdeling I dek Die Witman in Suid-Afrika (oftewel ons staatkundige geskiedenis), Afdeling II ons konstitusionele ontwikkeling, Afdeling III ons ekonomiese ontwikkeling, Afdeling IV inboorling- en kleurlingbeleid, en Afdeling V Die Kultuurstryd van die Afrikaner, en in elkeen van hierdie afdelings word dan die betrokke aspek van ons geskiedenis - staatkundig, konstitusioneel, ekonomies ens. - van die begin af tot in die moderne tyd behandel.

Dit was 'n stoutmoedige, ietwat waaghalsige besluit om hierdie tematiese indeling so konsekwent deur te voer. Persoonlik glo ek ook wel in die fundamentele verdienstes van die tematiese indeling, maar dit is tog nie wenslik om die ou, bekende kronologiese indeling, en gepaardgaande daarmee goed gefundeerde periodisering, volkome te verwerp nie. Na sorgvuldige oorweging, en met die twee boekdele van die Geskiedenis van Suid-Afrika nou voor my, lyk dit my of dit beter sou gewees het om, ooreenkomstig grondliggende faktore, in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis eers groot periodes te onderskei en binne elkeen daarvan dan weer 'n tematiese indeling toe te pas. Aldus kon die verdienstes van die tematiese indeling met dié van die kronologiese indeling verbind geword het.

Verder mis 'n mens in die werk 'n geskikte, harmoniese slothoofstuk waarin die drade saamgetrek en groot, kardinale bevindings finaal beklemtoon word. Die heel laaste hoofstuk

5/.....

is 'n bydrae van prof. G. Dekker, nl. Die Kulturele Ontwikkeling ná die Tweede Vryheidsoorlog - op sigself 'n belangwekkende, besonder lesenswaardige stuk. Dit sluit af met die paragrafie: „Hier moet ook genoem word die boekegids Ons Eie Boek en die onafhanklike letterkundige tydskrif wat op 'n besonder hoë peil staan, Standpunte." So 'n paragrafie pas wel goed genoeg as laaste woorde van prof. Dekker se hoofstuk, maar twee lywige boekdele oor die geskiedenis van Suid-Afrika behoort nie so te eindig nie.

Ten slotte net 'n paar vraagtekens. Waarom vir die eerste afdeling, wat die hele eerste boekdeel - en dus byna 700 bladsye - beslaan, die niksseggende titel: Die Witman in Suid-Afrika? Hierdie titel kon immers net so goed op enige ander afdeling van toepassing gewees het. Die titel van die eerste afdeling moes m.i. veel liewer Staatkundige Geskiedenis gewees het.

Waarom so min oor die Vrystaat en Natal? In billikheid teenoor die redakteurs moet erken word dat dit geensins in hulle bedoeling gelê het dat die geskiedenis van individuele gewestе gegee moet word nie. Maar daar is nogtans elf hoofstukke oor die Kaaplandse geskiedenis en redelik ruime behandeling van Transvaalse gebeure. In vergelyking hiermee is die verwysings na die Vrystaat en Natal beslis maar skraal en dun.

En waarom mis 'n mens onder die medewerkers 'n paar van ons verdienstelikste Afrikaanse historici? Weliswaar het historici soos dr. A. Kieser, dr. J. J. Oberholster, dr. J. H. Breytenbach en dr. C. F. J. Muller ten tyde van die voorbereidende werk - wat reeds 'n hele aantal jare vir hierdie uitgawe gedoen is - nog nie soseer onder die aandag gekom nie, en 'n mens verstaan dus hulle afwesigheid. Maar dit is werklik jammer dat daar geen bydrae verskyn nie van dr. G. D. Scholtz, wat reeds lank gelede as student van ons Republikeinse verlede op die voorgrond getree het en tans ons vernaamste gesaghebbende op dié gebied is; en ook geen bydrae van prof. P. S. du Toit nie, 'n

man wat in die afgelope vyftien jaar met pragtige kultuurhistoriese werk voor die dag gekom het. 'n Mens is vanselfsprekend jammer dat hulle nie onder die medewerkers verskyn nie, maar ek wil dit graag duidelik stel dat hierin nie sonder meer kritiek op die redakteurs gelees moet word nie, want dit kan bes wees dat hierdie twee geskiedskrywers om die een of ander gegronde rede nie beskikbaar was nie.

Om tot 'n finale slotsom te kom, wil ek by die Voorwoord van die redakteurs aansluit. Daarin verklaar hulle o.a.: „In Afrikaans het daar tot nog toe geen omvattende geskiedenis van Suid-Afrika bestaan wat in die behoeftes van sowel die gevorderde student as die groot publiek voorsien het nie." Dit was dan om dié leemte daar te vul dat die Geskiedenis van Suid-Afrika aangepak is. Ten spyte van sekere bedenkinge, sal dit uit die groot verdienstes van die werk duidelik wees dat dit in die genoemde behoefte goed sal voorsien. Ek kan die werk daarom vir studente, onderwysers en alle ander belangstellendes met vrymoedigheid sterk aanbeveel.

Wat my kritiek betref, kan die redakteurs miskien maar met die Fransman sê: „On ne peut pas contenter tout le monde et son père!" - D.w.s., letterlik vertaal: „'n Mens kan nie die hele wêreld en sy pa tevrede stel nie!"